



13 Mei 2021

Geagte Ouers

KASKAR-PRETDAG VRYDAG, 28 MEI 2021

Dit is amper weer tyd vir pret en ons jaarlikse Kaskardag is om die draai. Hierdie jaar word dit op een dag gehou vir al ons graadgroepe.

Om onnodige onkoste te vermy in hierdie moeilike ekonomiese tye versoek ons dat die leerders hulle KDA-klere sal aantrek vir die pretdag. Leerders word versoek om hulle maskers te dra as hulle nie deelneem nie. Leerders mag wel hulle maskers afhaal, terwyl hulle die karretjie stoot. Geen onkoste t.o.v. klere moet aangegaan word nie.

Die pret op hierdie dag verloop soos op die meegaande program. Grondslagfase pouses sal geskeduleer word deur personeel.

PROGRAM

Tydgleuf (20 minute)	Graadgroep
09:00 - 09:20	1
09:25 - 09:55	R
10:00 - 10:20	2
10:20 - 10:40	POUSE - Intersen
10:45 - 11:05	3
11:10 - 11:30	4
11:35 - 11:55	5
11:55 - 12:15	POUSE - Intersen
12:20 - 12:40	6
12:45 - 13:05	7

Ten einde Covid-19 protokol te handhaaf, mag ons ongelukkig nog nie ouers op die terrein toelaat nie.

KOSVERKOPE

Heerlike verversings sal gedurende die pouses by McLardies en mini-McLardies te koop wees.



BORG- EN DONASIEVORM

Elke leerder ontvang ook vandag 'n kaskarborg- en donasievorm. Ons karretjie is hierdie jaar 'n **regte egte kaskar**, wat in 'n aantal blokkies verdeel is met 'n gesamentlike waarde van **R200**. Donateurs kleur self die blokkie in wat hy/sy gekoop het, totdat die karretjie volledig verkoop is. Ons moedig leerders aan om werklik hul bes te probeer om hul kaskar te borg, alhoewel hierdie borg/donasie absoluut vrywillig is.

Geen rondtes gaan getel word nie, aangesien die kaskarresies net vir die pret is.

Ons het egter die volgende opwindende pryse

- Elke leerder wie se kaskar volledig verkoop is, kry 'n sjokolade.
- Al die leerders wie se kaskar volledig verkoop is, se naam kom in 'n gelukkige trekking vir 'n "GROOT" gelukspakkie.
- Die klas wie se leerders die meeste kaskarre verkoop het, ontvang 'n heerlike roomys vanaf McLardies.

WYSE VAN BETALING

Inbetalings van die borg-/donasievorm geskied deur die D6-Connect Toep (App) of deur 'n EFT-betaling. Hiermee 'n kort video i.v.m. die prosedure vir die d6-Connect toep betalings: https://www.youtube.com/watch?v=x3x7hW_Gc8A

'n Kort video sal uitgestuur word, via die klasgroepe i.v.m. die prosedure vir d6-Connect betalings.

Indien u 'n EFT-betaling maak, is die volgende verwysing baie belangrik:

Familiekode, Graad, Klas, Voorletter, Van en Kaskar

bv. 1234gr3ABGreeffkaskar

Let asb daarop dat daar geen spasies in die verwysing gebruik mag word nie en slegs die leerder se Voorletter word gebruik, nie die volle naam nie.

Stuur asb die bewys van die EFT betaling na u kind se registeronderwyser. Geen bewyse wat deur die d6-Connect toep gedoen word hoef vir die registeronderwyser gestuur te word nie.

Hierdie borgvorms moet teen **Woensdag, 2 Junie 2021** by die onderskeie registeronderwysers ingehandig word. Ons versoek vriendelik dat alle donasievorms teruggestuur sal word, aangesien daar geld betrokke is by die verkoop van die karretjie. Indien die donasievorm nie terugkom skool toe nie, is die ouer verantwoordelik vir die volle bedrag van R200,00.



Ons glo dat hierdie ook 'n heerlike dag vir ons leerders sal wees en dat dit vir elke kind 'n hoogtepunt sal wees van sy Lardie skooljaar. Leerders moet asb seker maak dat hulle genoeg water saambring, sowel as 'n sonhoed en sonbrandmiddels.

Komaan Lardies, neem deel en laat jou kaskar die voorloper wees!!

Vriendelike Lardie-groete

**ME H VAN SCHALKWYK
ORGANISEERDER**

**MNR G VAN DER MERWE
ADJUNKHOOF**

**MNR T HUMAN
SKOOLHOOF**